ecsponent
Limited

Nuusbrief ▪ Julie **2018**

ecsponuus

Ecsponent baat by vaartbelynde bedrywighede

Ecsponent het op 29 Junie tussentydse resultate vir die 12 maande geëindig op 31 Maart 2018 aangekondig. Die tydperk is gekenmerk deur voortgesette sterk finansiële prestasie soos die groep sy bedrywighede verder uitbrei en sy sakebelange in ooreenstemming met sy strategiese fokus groei.

Sleutelkenmerke

Die groep se tussentydse resultate in Maart 2018 weerspieël die impak van rasionalisasie op sy bedrywighede in die vorige finansiële tydperk. Die huidige tussentydperk bestaan uit 12 maande wat op 31 Maart 2018 geëindig het, terwyl die vergelykende tydperk die 15 maande geëindig 31 Maart 2017 is.

Gedurende hierdie periode het:

- Totale bates met **60%** toegeneem
- Inkomste uit voortgesette bedrywighede met **17.9%** toegeneem
- Wesensverdienste per aandeel (WVPA) met **787%** toegeneem
- Aandeleprys met **260%** gegroei
- **30%** van die groep se totale bates buite die gemeenskaplike monetêre gebied gebly wat beduidende valuta-verskansingsgeleenthede bied.

Kommentaar op resultate

Terence Gregory, uitvoerende hoof van Ecsponent, meen dat die strategiese fokus van die groep se bedrywighede 'n sterk basis gelê het om voortdurend aan belanghebbendes aansienlike groei te bied, en sodoende rykdom te genereer.

Sedert 2012 het die jaarlikse saamgestelde groei van die groep se bates gemiddeld 104% per jaar beloop. Bedryfswins het met 131% per jaar gestyg en inkomste met 66%.

> "Al ons pogings in die verslag-doeningstydperk was daarop gemik om aan die groep verdere momentum vir groei te bied. Die platform wat geskep is vir toekomstige dinamiese groei, is reeds duidelik in die groep se bedrywighede," het Gregory gesê.

Wat die aktiwiteite rondom befondsing betref, het die groep teen die einde van 2017 'n internasionale befondsingsfasiliteit van $10 miljoen van 'n Britse korporatiewe finansierder gekry. Hierdie dollar-gebaseerde befondsing word ontplooi om die groep se bedrywighede in Afrika uit te brei.

Die Krediet-besigheidseenheid, wat gewaarborgde krediet aanwend om die sakebedrywighede van kwalifiserende entiteite te befonds, het voordeel getrek uit 'n lewendige Afrika-KMO-sektor wat 'n verhoogde vraag na krediet tot gevolg gehad het. Totale bates in hierdie besigheidseenheid het met 20,9% gestyg, terwyl bedryfswins met 143% toegeneem het.

Daarbenewens het die Equity Holdings besigheids-eenheid (wat strategies belê in maatskappye wat in hoëgroei-sektore bedryf word) se totale bates met 18,7% gestyg. Op 31 Maart het die groep 12% in die Frankfurt-genoteerde filiaalmaatskappy MyBucks SA gehou wat valuta-verskansing bied teen die swak rand.

"Ecsponent het 'n sterk bedryfsvoetspoor, nie net in Suid-Afrika nie, maar ook in Swaziland en Botswana met plaaslike personeelverteenwoordiging in elke land. In Zambië het die groep 'n belang van 25% in die plaaslike GetBucks-entiteit wat 'n depositonemende finansiële instelling is. Ons is egter gretig om ons sakegeleenthede regoor die vasteland uit te brei met die vaartbelynde bedrywighede wat dit nou moontlik maak," het Gregory gesê.

Na 31 Maart het die groep transaksies aangekondig met 'n kumulatiewe waarde van R1.2 miljard wat bedoel is om beduidende groeigeleenthede te bied en 'n balans te skep tussen sy kontantgenererende bates oor die kort termyn en groeibates oor die langer termyn. Hierdie transaksies sal verdere strategiese groei skep, en sal resultate binne die volgende verslagdoeningstydperk realiseer.

ecsponent
Financial Services

Die impak van koste op jou effektetrusts se beleggingsprestasie

Daar is 'n koste verbonde aan elke belegging, selfs al besef jy nie jy betaal dit nie. Terwyl daar baie verskillende soorte kostes is, het almal een ding gemeen: daardie geld gaan iewers anders heen, en nie na jou sak toe nie.

Hoekom maak koste saak?

Beleggingskoste kan onbelangrik lyk, maar die bedrae stapel op, tesame met jou beleggings-opbrengste. Met ander woorde, jy verloor nie net die klein persentasies wat jy aan koste betaal nie, jy verloor ook al die toekomstige groei wat die geld oor die jare sou kon hê.

Hoe sal koste jou belegging beïnvloed?

Kom ons sê jy het R500 000 in twee effektetrustbeleggings op dieselfde dag belê*.

Albei groei teen 10% per jaar, voor koste. Vir die eerste belegging is jou totale jaarlikse koste 3% en vir die tweede een is dit 1%. Na 30 jaar sal die eerste belegging R3 806 128 werd wees, terwyl die tweede se waarde R6 633 839 sal beloop. Dit is 'n verskil van R2 827 771, of 42.6%.

Dit is reg: Die 2% wat jy elke jaar betaal het, sal 40% van die bedrag uitwis op jou finale beleggingswaarde. Die 2% klink nie meer so klein nie, nie waar nie?

Die impak van koste op jou belegging



* Voorbeeld het betrekking op 'n belegging in 'n kollektiewe belegging-skema ('n effektetrust) met betrekking tot 'n GBD (gekoppelde beleggings-diensteverskaffer). Dit sluit bykomende geld uit wat verbind word met konsolidasiedienste of fonds van fondse fooie. Bron: GraySwan Investments http://grayswan.co.za/cost-drag-on-investment-performance/

Wat is die koste wat jy waarskynlik sal betaal vir jou effektetrustbeleggings?



Finansiële adviseursfooi
Dienste wat deur 'n finansiële adviseur gelewer word, sluit in die uitvoer, opstel en implementering van 'n finansiële behoefte-analise, beleggingbestuurderskeuse, portefeulje-oprigting en prestasiemonitering. Finansiële adviseurs word oor die algemeen 'n eenmalig fooi betaal vir die aanvanklike werk om 'n beleggingstrategie en finansiële plan saam te stel en 0.50% tot 1.0% as 'n jaarlikse adviesfooi.

Administratiewe/platformgeld
Die administratiewe of platformgeld is verwant aan 'n Gekoppelde Beleggingsdiensverskaffer (GBD)*. GBDs hef ook 'n jaarlikse administrasiefooi namens die kliënt, aangedui as 'n persentasie van die bates. Daar is ook gemiddeld 'n minimum jaarlikse administrasiefooi van 0.50%, maar dit kan in sommige gevalle so laag soos 0.10% wees, wat aan GBDs betaal word.

Beleggingsbestuurder-/produkfooie
Beleggingsbestuurders hef 'n jaarlikse fooi (as 'n persentasie van bates) vir die daaglikse bestuur van die belegging of fonds. Gemiddeld, vir 'n gebalanseerde multibate-klas effektetrust, beloop die totale beleggingsbestuurdersfooi 1.50% per jaar, maar kan so hoog soos 3.0% wees.

Totale onkosteverhouding (TOV)
Hierdie verhouding weerspieël die koste, heffings en fooie wat verband hou met die bestuur van 'n beleggingsportefeulje, aangedui as 'n persentasie van die gemiddelde netto batewaarde van die portefeulje.

Uiteindelik is dit die klein dingetjies wat 'n groot impak het, so wees dus seker dat jy jou beleggingsopbrengste en koste inreken wanneer jy jou volgende effektetrustbelegging kies.

Suid Afrika: info@ecsponent.com • 087 8080 100 • Fintech Campus, Hv Botterklapper- en Ilangastrate, Die Wilgers, Pretoria, Gauteng
Hierdie inhoud is uitsluitlik voorsien ter inligting en moet nie as beleggingsadvies geag word nie.

Diversifikasie - kan dit te veel van 'n goeie ding wees?

Verspreiding van beleggings tussen en binne verskillende bateklasse word algemeen beskou as een van die sleutels tot beleggingsukses. Die doel is om 'n portefeulje van verskillende beleggings saam te stel wat die risiko van die algehele portefeulje verminder. Dit kom eenvoudig daarop neer dat jy nie al jou eiers in een mandjie moet plaas nie.

Diversifikasie verminder risiko

Eerstens, wat is risiko? Beleggingsrisiko is die waarskynlikheid dat 'n belegging sy waarde permanent sal verloor, of dat sy opbrengs minder sal wees as wat verwag word.

Sonder 'n kristalbal is dit net 'n kontantbelegging, soos 'n bankdeposito, wat jou waarborg om die opbrengs te verdien wat jy verwag.

Tipies ontstaan permanente waardeverlies weens 'n belegging in 'n bedrieglike skema, of as 'n mens een van die kardinale beleggingsondes pleeg deur hoog te koop en laag te verkoop. Sodra welvaart op hierdie manier verloor is, kan dit nie weer verhaal word nie. Erger nog, die oorblywende basis waaruit jy opbrengs kan verdien verminder, wat op sigself toekomstige opbrengsverwagtinge kan verlaag.

Die verspreiding van jou welvaart oor verskillende beleggings, insluitend oor verskillende bateklasse en geografiese gebiede, kan jou help om onvoorsiene katastrofiese risiko's te voorkom wat slegs uit een belegging mag voortspruit. Hoewel dit nie 'n waarborg teen verlies is nie, is dit 'n verstandige strategie om langtermyn finansiële doelwitte te bereik.

Diversifikasie verbeter jou toegang tot fondse

Diversifikasie kan jou toegang tot jou fondse tydens tye van nood gee. Die gemak waarmee jy 'n belegging kan koop en verkoop, speel 'n belangrike rol in jou strategie. Dit wissel tussen bates, staan bekend as likiditeit en bied 'n nuwe vorm van risiko om op kort kennisgewing jou belegging teen 'n billike prys te verhandel – dalk moet jy 'n laer prys aanvaar om dit te verkoop. Byvoorbeeld, 'n eiendomsbelegging kan minder likied as aandele wees, wat op hulle beurt weer minder likied as kontantbeleggings is.

Diversifikasie maak die pad meer gelyk

'n Kontantbelegging kan onbestendigheid verminder, maar kom teen 'n prys. Baie beleggers onderskat die afbrekende krag van inflasie.

In Suid-Afrika beoog die Nasionale Tesourie om die inflasiekoers tussen 3% en 6% te hou. As jy op 'n gemiddelde inflasiekoers van 5.5% per jaar werk (die gemiddeld is 5.6% oor die afgelope 100 jaar), dan sal R10 000 in vandag se waarde dieselfde koopkrag oor tien jaar hê as R5 584. Oor twintig jaar sal dit R3 118 wees. Beleggers kan dus nie bekostig om dit te ignoreer nie.

Aandele het die afgelope 90 jaar beter presteer as alle ander bateklasse, maar veral op die korttermyn is dit geneig tot markskommelings. Deur verskillende bateklasse te meng, is dit moontlik om tydperke van negatiewe opbrengs te verminder. Jy kan nooit heeltemal van risiko ontslae raak nie, maar jy kan ten minste jou belegging se pad meer gelykmatig laat loop. Dus, as jy die noodsaaklikheid van diversifikasie binne 'n beleggingsportefeulje nie erken nie, kan dit ook as 'n kardinale sonde van beleggings beskou word. Maar kan jy te veel van 'n goeie ding hê?

Te divers vir woorde

Beleggingsdeskundiges stem saam dat daar wel 'n punt is waar die koste om 'n ander belegging by 'n portefeulje te voeg, sy marginale voordeel kan oorskry.

Hierdie konsep word slim opgesom in 'n woord wat deur Peter Lynch in sy boek *One Up On Wall Street (1989)* geskep is: "diworsification". 'n Oorgediversifiseerde portefeulje kan jou verwar, jou beleggingskoste en jou administratiewe lading verhoog, wat tot ondergemiddelde opbrengste kan lei.

Meer eiers in dieselfde mandjies

'n Algemene fout wat beleggers maak is om hul beleggings oor 'n verskeidenheid finansiële bestuurders te diversifiseer. Suid-Afrika het 'n klein beleggingsfeer en baie gebalanseerde fondse se top tien aandele sluit almal aandele soos Naspers, Anglo American, Sasol en 'n paar finansiële dienste in. Daarom het die grootste gebalanseerde of multi-batefondse in Suid-Afrika soortgelyke beleggingsbesit en algehele strategieë. Vir 'n belegger beteken dit dat jou belegging steeds in dieselfde mandjie is, maar dat jou blootstelling selfs groter is. Wanneer prestasie voor koste vergelyk word, is die verskillende fondse se opbrengste oor die langtermyn soortgelyk.

Multibestuurder-beleggingsprodukte soos fondse van fondse, kan 'n maklike manier vir klein beleggers wees om onmiddellike diversifikasie te bereik. Hierdie diversifisering kom egter teen 'n hoë koste, met 'n finansiële adviseur wat 'n beleggingsbestuurder moniteer, wat op sy beurt ander beleggingsbestuurders moniteer, met min vooruitsig om 'n opbrengs te verdien wat beter as die markgemiddeld is.

Oordadige diversifikasie kan ook verhoogde handelskoste inhou, aangesien groot portefeuljes van tyd tot tyd herbalanseer word, en sulke koste eenvoudig jou welvaart verminder. Beleggers moet poog om die voordele van 'n maklike beleggingskeuseproses vas te vang sonder om potensiële winste te verbeur deur hulle almal te diversifiseer.

Belê met 'n doel voor oë

Uiteindelik is 'n gediversifiseerde portefeulje die verstandige keuse. Diversifikasie is egter nie sonder spesifieke risiko's nie, soos hoër algehele koste, meer rekenkundigheid en die dophou van beleggings, en bowenal, die potensiële risiko van beduidende onderprestasie.

Eerder as om uitsluitlik op diversifisering te fokus, oorweeg die basiese beginsels van risikobestuur:

1. Belê vir die langtermyn. Riskante spekulasie behels 'n kort hou-tydperk en 'n onseker resultaat. Ware belegging noodsaak 'n lang hou-tydperk en 'n minder riskante, meer waarskynlike gevolg.
2. Versprei jou risiko volgens 'n deurdagte strategie deur diversifikasie oor bateklasse om die maksimum groei en die minimum onbestendigheid te ervaar, maar sonder onnodige beleggingskoste.
3. Maak beleggingsbesluite gebaseer op jou doelwitte, ware markinligting en behoorlike advies. Koop altyd laag, verkoop hoog en wanneer jy verkoop, moenie jou besluit op emosie baseer nie.

Belastingseisoen 2018

Die nuwe belastingseisoen het aangebreek en dit beteken alle belastingbetalers moet opgawes indien vir inkomste verdien tussen 1 Maart 2017 en 28 Februarie 2018.

Ons het 'n samevatting van die mees algemene belastingvrae wat beleggers vra saamgestel.

Wat is die sperdatums vir inkomste-belastingopgawes?

Kanaal	Sperdatum	Tipe belasting-betaler
Pos, of lewer per hand af by 'n SAID-takkantoor	21 September 2018	Gewone en voorlopige belastingbetaler
eFiling of elektroniese opgawe by 'n SAID-takkantoor	31 Oktober 2018	Gewone belastingbetaler
eFiling	31 Januarie 2019	Gewone belastingbetaler

Wie moet inkomstebelastingopgawes indien?

- Elke individu wat 'n inwoner is en kapitaalwinste gehad het wat R40 000 oorskry het;
- U word aanspreeklik om inkomstebelasting te betaal wanneer u meer verdien as:
  - R75 750 (onder 65 jaar);
  - R117 300 (ouer as 65 maar onder 75 jaar); of
  - R131 150 (ouer as 75).

Belasting ten opsigte van jou Ecsponent-belegging

Indien jy belê het in Ecsponent se inkomste-genererende voorkeuraandele en dus 'n maandelikse inkomste uit jou belegging verdien, sal jy 'n IT3B sertifikaat van ons ontvang. Dit sal die waarde en die aard van inkomste weergee wat jy hieruit verdien het.

As 'n belegger in voorkeuraandele, is die maandelikse paaiemente wat jy ontvang dividendbetalings, wat onderhewig is aan 'n dividendterughoudingsbelasting van 20%. Dit beteken die 20% is reeds namens jou betaal en die bewys daarvan is op jou IT3B sertifikaat.

Wanneer jy jou belastingvorm invul, moet jy verklaar hoeveel geld jy in dividende van Suid-Afrikaanse maatskappye ontvang het. Jy doen dit onder die afdeling van "Bedrae bestempel as nie-belasbaar" waaronder jy die opskrif "Vrygestelde plaaslike en buitelandse dividende" sal vind. Jy hoef nie die waarde in te sluit van die dividendweerhoudingsbelasting wat namens jou betaal is nie.

Indien jy belê het in Klas B voorkeuraandele, en dus kapitaalgroei oor 'n termyn van vyf jaar sal ontvang, en jy ontvang nie 'n gereelde betaling van ons nie, sal jy nie 'n IT3B ontvang nie. In hierdie geval kry jy 'n IT3C sertifikaat maar eers wanneer jou belegging ná vyf jaar tot 'n einde kom.

Die IT3C sertifikaat reflekteer kapitaalwins of die groei wat jy op jou belegging ontvang. Afhangende van jou persoonlike omstandighede, kan jy aanspreeklik gehou word vir kapitaalwinsbelasting in die belastingjaar wanneer hierdie belegging tot 'n einde kom. Tot daardie dag hoef jy nooit iets van die belegging in jou opgawe te meld nie.

Algemene wenke om Belastingseisoen 2018 makliker te maak:

- Maak seker jy het die regte ondersteunende dokumente in plek vir bevestigingsdoeleindes. Jy hoef dit slegs te verskaf indien SAID jou versoek om dit te doen en die dokumente hoef nie saam met jou oorspronklike belastingopgawe ingedien te word nie.
- Gebruik slegs die werklike waardes soos dit op jou ondersteunende dokumente verskyn en voltooi vorms eerlik en korrek en sorg dat dit betyds is.
- Hou jou inligting weg van kansvatters en onthou SAID sal jou nooit:
  - per pos, e-pos, telefoon of SMS vra om jou bankbesonderhede of ander persoonlike inligting te verskaf nie.
  - enige skakels stuur na ander webtuistes nie, selfs ook nie dié van banke nie.

Vir meer inligting oor vanjaar se Belastingseisoen, besoek die SAID se webtuiste. Vir enige inligting omtrent jou belegging by Ecsponent, of indien jy 'n afskrif van jou IT3B sertifikaat benodig, tree asseblief met ons in verbinding.

Suid Afrika: info@ecsponent.com • 087 8080 100
Fintech Campus, Hv Botterklapper- en Ilangastrate, Die Wilgers, Pretoria, Gauteng
Swaziland: swaziland@ecsponent.com • +268 2417 1616 • 7 The Gables, Ezulwini, Swaziland
Botswana: botswana@ecsponent.com • +267 391 8756 • Eenheid G3, Victoria House, Plot 132 Independencelaan, Gaborone, Botswana
Hierdie inhoud is uitsluitlik voorsien ter inligting en moet nie as beleggingsadvies geag word nie.